Engelse Skandvlekke in ons Geskiedenis

Deur

J P Botha

M.A., B.Ed.,D.Litt.et Phil.

In "WINTERNAG" wat Eugéne Marais in 1904 geskryf het, word die troostelose verlatenheid van die gestroopte Suid-Afrikaanse landskap na die Tweede Vryheidsoorlog gesimboliseer:

WINTERNAG

O koud is die windjie
en skraal
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

Eugéne Marais

Inhoudsopgawe

Winternag	2
Die Derdepoort-moorde	4
Die Swart Engelse teen die Boere	13
Oorlog teen vroue en kinders	20
Barbaarse vernietiging van alle lewe met Verskroeide Aarde-beleid	25
Die moordkampe	32
Vergewe en vergeet	40

1
Die Derdepoort-moorde

Groot Brittanje se teenwoordigheid en verowering van Suid-Afrika gedurende die 19e eeu sal miskien deur bewonderaars van die Britse ryk as die grootste prestasie van die eeu gereken word, veral as verwesenliking van Rhodes se ideaal om die Afrika-kaart rooi te verf vanaf die Kaap tot in Cairo daarmee saam geroem word. Die twee Boererepublieke het egter ‘n bottelnek gevorm wat die aartsliberalis se pad na die noorde versper het. Daarom moes hulle met alle koste uit die weg geruim word, sodat die Britse ryk die verwesenliking van sy imperialistiese ideaal kon verwesenlik.

Die Tweede Vryheidsoorlog wat van 1899 tot 1902 gevolg het, het die Britse reus egter duur te staan gekom want hy het nie verwag dat die Boere van Transvaal en die Vrystaat die onafhanklikheid van hul vaderland so verbete sou verdedig nie. Om die Oorlog uiteindelik in sy guns tot ‘n einde te bring, het Engeland van skrikwekkende ongeoorloofde metodes gebruik gemaak. Dit vorm ‘n reuse swart kol op die Engelse se militêre geskiedenis van die eeu.

Die eerste van hierdie skanddade het sommer aan die begin van die Oorlog al plaasgevind met die moorde op Derdepoort op 25 November 1899. Hier by Derdepoort langs die Maricorivier, op die wesgrens van die Republiek (ZAR), is ‘n klein Boerekommando’tjie van 100 man geplaas, om ‘n aantal polisiemanne wat daar gestasioneer

was, se geledere te versterk en die grens te verdedig teen ‘n moontlike Engelse inval.

Die Engelse militêre mag in Rhodesië onder kolonel Plumer het voortdurend pogings aangewend om deur middel van gepantserde treine langs die Republiek se noord-wesgrens suidwaarts kontak te maak met kolonel Baden-Powell in Mafeking, maar die Boere by Derdepoort en Crocodile Pools het hulle weg versper. Daarop het Plumer se offisiere, kolonels Nicholson en Holdsworth besluit om die kommando’tjie aan te val, maar om dit met behulp van die Bagatlakaptein Linchwe se swart mag te doen.

Die Bagatlas verras die laer in Derdepoort

Die Engelse het reeds ‘n geruime tyd voor die Oorlog al die Betsjoeanalandse swart stamme teen die Boere opgemaak. Een van hulle, kaptein Linchwe en sy Bagatlas, het sy hoofstat by Mochudi gehad, 60 kilometer wes van Derdepoort. Hy was die Boere altyd goedgesind, maar is deur die Engelse tot bittere vyandigheid teen hulle opgestook.

Die burgers in die laertjie by Derdepoort het die Vrydagaand van 24 November 1899 houtgerus gaan slaap en het skaars wagte uitgeplaas. Dit was ook die toestand in die klein dorpie langs die rivier, waar die polisie van kommandant Riekert met hulle gesinne gewoon het en ook by die polisiekantoor, twee winkels en ‘n skooltjie.

Op Vrydagoggend 24 November het Holdsworth vanaf Mochudi met 130 berede troepe, 10 fietsryers en ‘n maxim na Sekwani vertrek. Dat was ‘n Bagatlastat wat langs die rivier naby Derdepoort geleë was. In die nag het daar 500 gewapende Bagatlas onder aanvoering van Segale, Linchwe se broer, by die Engelse aangesluit. Ongeveer ‘n uur voor dagbreek het Holdsworth die rantjies langs die Marico bereik en versigtig na die bosse langs die rivier beweeg. Hy het Segale en sy impi beveel om op die Engelse se regterflank deur die rivier te trek en die rantjie naby die laer te beset. Hy het die Britte op een punt regoor die laer, aan die oorkant van die rivier met die maxim laat stelling inneem. Die dag het gebreek en die Boerelaer het stadig tussen die bosse deur voor hulle in die skemer begin sigbaar word.

Meteens het die gebulder van die maxim almal in die omgewing wakker geruk. Die geknetter van die Engelse se

leemetfords en die Bagatlas se martini-henry's het die lawaai laat aangroei. Langs die rivier het daar 'n demoniese krygsgeskreeu opgeklink wat alle rumoer oortref het, onderwyl die swart drom gedaantes besig was om met die transportpad langs en oor die veld in 'n digte massa op die verbouereerde laer af te storm. 'n Aantal het laeraf koers gekies na die alleenstaande huise van Riekert se polisie, die winkel van die heer Pieters en die woning van Early die fotograaf.

Sommige van die burgers in die laer was in hul verbouereerde toestand deur die oorverdowende geskreeu van die inboorlinge onder die indruk dat die Swartes reeds tussen hulle was en het in aller yl blindelings uitgevlug. 'n Paar het in die hande van die barbare geval wat hulle op 'n wreedaardige wyse afgemaak het, dog die meeste kon daarin slaag om te ontkom. Die res van die laer het gou van hul skrik bekom en met vasberadenheid begin om die aanvallers onder vuur te neem. Op bevel van kommandant Kirsten het die Boere op twee rantjies weerstkante van die laer posisie ingeneem, sodat die burgers wat op die westelike flank was, geleenteid gehad het om hul vuur op die rivier te konsentreer, waarvandaan die Engelse nog aanhoudend geskiet het. Dit het die wêreld vir die Britte en hul maxim aldaar te warm laat word . Holdsworth het sy vuur gestaak en begin retireer. Hy was oortuig daarvan dat die swart horde wat hy tot die aanval aangevuur het, die taak verder sou volbring.

Elke stormloop van die Swartes is egter met goeie gevolg afgeslaan, sodat hulle om 10 uur die oggend finaal die wyk na die rivier geneem het, waar hulle tussen die ruie bosse en op die rantjies aan die oorkant uiteen is om goeie skuiling te

gaan soek. Af en toe het hulle nog 'n geweerskoot in die rigting van die woonhuise gelos en die burgers in die laer verhinder om vas te stel wat met die polisie en hul gesinne gebeur het.

Hier het intussen 'n treurspel afgespeel. Nadat die Engelse maxim en leemetfords die sein vir die aanval gegee het, het 'n groot aantal Bagatlas op die woonhuise afgepyl. Hulle het die winkel en woonhuis van Pieters geplunder, mevrou Pieters doodgeskiet en haar man saamgevoer deur die rivier na 'n inboorlingstatjie aan die oorkant, waar hy eers gevange gehou, later na Mochudi geneem en daarvandaan deur die Engelse na Bulawayo gestuur is. 'n Aantal van die skreeuende barbare het op die polisiestasie en woonhuis van kommandant Riekert toegesak, waarin egter niemand was nie. Hulle het dit geplunder en aan die brand gesteek. 'n Paar van die polisiemanne het probeer om na die laer te hardloop om hulp te gaan ontbied, maar is deur die barbare omsingel en oorrompel voordat hulle die waens kon bereik. Hulle is doodgemartel en hul liggame in 'n gruwelik verminkte toestand agtergelaat.

Vyf van die polisiemanne, Christiaan en Paul Potgieter, Gert Coetzee, Dawid Smit en Antonie Kruger, het probeer om 'n paar vroue en kinders by een van die woonhuise teen die aanval van die Swartes, wat in 'n oormag op hulle toegesak het, te verdedig. Nadat die vyf mans al hulle ammunisie weggeskiet het, het hulle besluit om 'n stuk laken, aan 'n riet gebind, as witvlag op te steek in 'n poging om die vroue en kinders se lewens te red. Mevrou JJ Potgieter het die vlag viermaal opgesteek, dog elke keer is die riet in haar hand stukkend geskiet. Totaal omsingel en radeloos het die vroue toe maar besluit om met die kinders

die vyand tegemoet te hardloop en om genade te gaan smeek, terwyl die mans elders heen sou uitwyk om die vroue se pogings nie te bemoeilik nie. Die Swartes het hulle egter aan die vroue se gesmeek nie gesteur nie maar al skietende op die weerlose groepie afgestorm. Tydens hierdie stormloop is mevrou Johanna Potgieter en ‘n seuntjie van Paul Potgieter gewond.

Die barbare is op ‘n afstand van agt tree deur die bevel van ‘n oorlamse aanvoerder tot stilstand gebring. Hy het sy trawante verbied om hul slagoffers om die lewe te bring. Hulle het die groepie vroue en kinders dadelik gevange geneem en na die rivier toe aangejaag. Hulle het nie ver gevorder nie, toe hulle op ‘n tweede groepie gevange vroue en kinders afkom, waaronder Cornelia, vrou van Christiaan Potgieter was, wat ‘n pynlike koeëlwond aan haar linkerbeen opgedoen het.

Aan die oorkant van die rivier het hulle ‘n blanke wag van 15 Engelse rapportgangers en fietsryers, met rewolwers gewapen, teengekom. Dié het egter geen poging aangewend om hulle uit die hande van die barbare te verlos nie. Een van die wag, wat met sy geweer en sabel op ‘n perd gesit het, het hulle nog boonop bespot. “Ja,” het hy honend gesê, “julle was mos altyd baas. Sê my, wie is nou die baas?”

Die Bagatlas het die vroue en kinders aangejaag tot by ‘n klein statjie aan die oorkant van die rivier, waar nog twee gevangenes bygekom het, Lizzie de Villiers, Kleurling-huishoudster van die winkelier Angers, en Marthinus, die seuntjie van Zacharias Pretorius.

Lizzie het vertel dat die Swartes Angers se winkel omsingel en die winkelier twee steke met ‘n assegaai toegedien het onderwyl hulle sy geld geëis het. Voordat sy egter die geld aan hulle kon oorhandig, het hulle op Angers aangelê en drie skote op hom afgevuur, waarna hulle die winkel geplunder het. Daarna het ‘n aantal Swartes haar na die statjie gebring.

Daar was nou altesaam 16 vroue en kinders as gevangenes in die hande van die Bagatlas in die swart statjie byeen. Hulle is kort daarna verder aangejaag tot by die statjie van Melouwe, een van Linchwe se onderkapteins. Hy het nie geweet wat hy met die Blanke vroue en kinders moes doen nie en stuur hulle toe onder begeleiding van ‘n Swarte met ‘n witvlag na Derdepoort terug. Hulle was net ‘n klein endjie op pad toe die gids hom met vlag en al uit die voete maak, met die gevolg dat die paniekbevange vroue, bevrees dat hulle in ‘n hinderlaag gelei sou word, omdraai om ‘n ander uitkoms te soek. Hierop het Melouwe hulle onder gewapende swart geleide te voet die meer as 50 kilometer na die Bagatla-hoofstat, Mochudi laat aanjaag. Hulle het Lizzie de Villiers egter op ‘n wa laat ry en toe hulle merk dat mevrou Cornelia Potgieter hul gang vertraag weens die wond bokant haar linkerknie, het hulle haar ook toegelaat om op die wa te ry. Die ander moes egter vanaf sononder die Saterdagaand tot Sondagmôre bly loop, met uitsondering van kort tussenposes snags, wat hulle toegelaat is om te slaap, sonder bedekking en op die kaal grond.

Toe die tog Sondagoggend met dagbreek hervat is, het Lizzie de Villiers met haar smekinge en met ‘n bietjie geld wat sy by haar gehad het, die Swartes oorgehaal om almal op te laai. Maar toe die son opkom, is hulle weer eens

gedwing om te loop. Na mate die dag steeds warmer geword het, het die ontbering van die weerlose groepie toegeneem. *"Het lijden dier vrouwen"* - so vertel Lizzie de Villiers - *"was verschrikkelijk, daar voetseer, honger en het dragen van kleine kinderen haar verhinderden te wandelen; zij werden gruwelijk mishandeld, aangezien water zowel als voedsel haar op hun smeking geweigerd werd."* Hulle het Vrydagaand die 24e laas iets te ete gehad en was tot Sondagaand die 26e sonder enige kos of water.
Omstreeks 2 uur die Sondagmiddag het hulle in 'n uiters gehawende toestand die buitewyke van Mochudi bereik, nadat hulle ongeveer 50 kilometer te voet afgesukkel het. Na nog 'n nag van ontberings in die veld, is hulle uteindelik die Maandagmôre die stat ingebring, waar Linchwe se halfbroer, Segale, verder beheer oor hulle oorgeneem het. Hy het hulle na die gebou van die sendingskool geneem en teen die aand het hulle 'n skottel ongesifte meel as voedsel ontvang en 'n bokseil gekry om op te slaap.

Hier moes hulle hul lot afwag tot Dinsdagmiddag, toe luitenant Surmon met 'n wag van 30 swart polisie en 'n muilwa opdaag om hulle na Mochudistasie te neem. Aan hulle is die keuse gestel of hulle per trein na Bulawayo of na die Boere te Krokodilpoel vervoer moes word. Natuurlik het hulle verkies om by hulle eie mense te wees. Kommandant Swart het hulle 'n endjie noord van Gaberones by die trein in ontvangs gaan neem en hulle na Enzelsberg gestuur waar hulle versorg kon word en weer kon herstel na die week van ontberings wat hulle moes deurmaak.

Die verlies aan Boerekant was groot. As al die persone, burgers en polisie, wat vermoor en gewond en gesneuwel

het, saam met die vroue en kinders wat weggevoer is, getel word, was die verlies ongeveer 45. Hulle het ook nog 'n verdere verlies gely van 81 osse wat gedurende die aanval deur die Swartes uit die krale geroof en weggevoer is. Hierteenoor het die vyand 'n verlies van 50 gesneuwelde barbare gehad.

Suid-Afrika is deur hierdie treurige voorval wat te Derdepoort plaasgevind het, diep geskok. Kommandant Kirsten het die ooggetuies se gevoel beskryf met die volgende woorde: *"Zulk een daad is de barbaarste die nog ooit door een zogenaamd beschaafde Regering is begaan."* Die Republikeinse bevolking het gevoel dat *"zulk een lage en gemene daad strijdt teen alle gebruiken van beschaafd oorlog voeren en bewijst tot welke middelen onzen vijanden zich verlagen om ons uit te roeien."*

Toe selfs die buiteland by Engeland teen hierdie handelwyse protesteer en hulle besef wat alles deur hulle ontketen is, het hulle met 'n paar leuens hulle daad probeer regverdig deur te beweer dat die Bagatlas alleen gidse, ossedrywers en perdeoppassers was en dat hulle verbied was om deur die rivier te gaan, maar *"they got out of hand completely."*

Hierdie skandvlek op die Engelse se militêre geskiedenis dien as voorbeeld van hoe hierdie wêreldmag dikwels klein nasies ingespan het om 'n ander klein nasie te help verdelg. In 'n volgende hoofstuk, "Die Swart Engelse teen die Boere" sal meer hieroor gehandel word.

2
Die Swart Engelse teen die Boere

In die eerste hoofstuk oor hierdie onderwerp, waarin gehandel word oor die moorde te Derdepoort, is aangetoon hoe die Engelse grootskaals gebruik gemaak het van Swart krygers om die Boere aan te val. Die wandade wat daar plaasgevind het, was maar net die begin van die afskuwelike dade wat die Engelse se Swart bondgenote verder in die Oorlog gepleeg het.

Die Boere het nie hulle Wit en Swart vyand se aanval by Derdepoort straffeloos gelaat nie. ‘n Kommando van 300 man het in Desember 1899 die Bagatlas te Sekwani , langs die rivier gaan aanval. Hulle was toe in duisende daar saamgetrek, besig om op die rantjies ‘n aantal klipskanse te bou. Toe die Boere hulle aanval, het hulle holderstebolder na Mochudi gevlug. Die stat Sekwani is aan die brand gesteek en vernietig.

Vir die Boere het die Swart gevaar wat die Engelse vir hulle geskep het, gekom om vir die duur van die Oorlog te bly. Kolonel Plumer se militêre vertoon met sy gepantserde treine, al langs die wesgrens van die Republiek, is deur die Swartes bewonder. Die Engelse het dit reggekry om die meerderheid van die Swart kapteins in Betsjoeanaland teen die Boere op te rui. Die Boere moes gedurig op hul hoede wees vir aanvalle van Swart kommando’s wat meesal deur Britse offisiere aangevoer is.

Die Bagatlas van Betsjoeanaland was gou weer slaggereed. ‘n Groot impi (kommando) van naastenby 1500 krygers het daarin geslaag om noord van Derdepoort ongesiens die Republikeinse grens oor te steek en was besig om doelloos in die ruie bosveld, ongeveer 40 kilometer suidoos van Derdepoort rond te luier. Op Sondag 18 Februarie 1900 gewaar hulle 5 waens wat, swaar belaai met meel en ander voorrade vir die Derdepoortse laer bestem, besig was om onder sorg van 10 burgers moeisaam met die grootpad aan te kruie. Daar was net drie perderuiters onder hulle, ‘n sekere Olivier, Dreyer en Willem Gouws.

By Ganskuil het hierdie drie ‘n endjie vooruit gery tot by Kaya-se-put, waar hulle deur die Bagatlas aangeval is. Olivier en Dreyer het daarin geslaag om te ontvlug en berig van die gebeure na die laer te Derdepoort te bring. Willem Gouws se perd is onder hom doodgeskiet, maar omdat hy ‘n goeie naelloper was, kon hy wegkom en ontkom.

Daarna het die hordes op die waens toegesak. Vyf van die sewe burgers het ook daarin geslaag om te ontvlug, maar M Kilian en Marthinus Ras kon nie ontsnap nie en is albei op wreedaardige wyse om die lewe gebring, onderwyl die waens geplunder is.

By die ontvangs van hierdie berig het veldkornet Roos met 60 man vanaf Derdepoort teen die impi opgeruk en ‘n verbete geveg teen die Bagatlas gevoer. Die Swartes was in staat om hulle self ‘n geruime tyd te handhaaf, aangesien hulle deur die Engelse van vuurwapens voorsien was en ‘n groot oormag uitgemaak het. Daar het 7 burgers gesneuwel voordat Roos daarin geslaag het om hulle in die rigting van

Tweedepoort te verdryf. Hulle het ‘n endjie bokant die samevloeiing van die Krokodil- en Maricorivier weer in Betsjoeanaland verdwyn. Al die burgers van Rustenburg en Marico wat nog nie op die front was nie, moes toe gekommandeer word om die twee distrikte teen die nuwe Swart gevaar te gaan beskerm.

Plumer se suksesvolle aksies op die grens en die Boere se neerlaag by Mafeking het die Swartes se respek vir die Boere afgetakel sodat hulle nie gehuiwer het om gemene saak met die Engelse te maak en Transvaal binne te val nie. Dit het gelyktydig met die inmars van die Engelse leërs in Transvaal plaasgevind. Die Engelse joernalis, CJ Weir, sê dat *native looters seem to have overrun the Transvaal.*

Een van die Swart Engelse hou wag by sy buit

Die Engelse het hulle toe baie “nuttig” gebruik om die Boere se vee bymekaar te gaan maak en na die Engelse kommando’s te bring. Toe die plaasafbranding begin, moes hulle die Engelse help om die huise te plunder en aan die brand te steek. Hulle moes help om die gesaaides te verniel en af te brand. Hulle moes help om die pluimvee op die verlate werwe te vang en dood te maak. Hulle moes vir die Engelse die vroue en kinders wat teen dood en lewe probeer wegvlug het, gaan vang en na die kampe toe aanjaag. Hoeveel mishandeling en verkragtings het nie plaasgevind nie! Hulle het bendes gevorm wat met die goedkeuring van hulle Engelse bondgenote, stroop- en plundertogte op die plase uitgevoer het.

Generaal Jan Smuts skryf in Januarie 1902 in ‘n brief aan president Kruger: “Toe die mishandeling van vroue en kinders geen ander uitwerking op die Boere gehad het as om nog harder te veg en te volhard in hul regverdige stryd nie, toe wend die vyand ‘n nog fataler middel aan om ons te beveg, die bewapening en die gebruik van gewapende naturelle.” Hy skryf dat toe die vyand in 1901 Nylstroom en Pietersburg ingeneem het, het hulle geskenke en wapens aan die Swart kapteins van Waterberg en Soutpansberg gegee. Kort daarna het onverwags die vreeslikste moorde op vroue en kinders en oumense gevolg. GD Scholtz sê in “*Generaal CF Beyers”* dat die stryd in Noord-Transvaal tot aan die einde van die Oorlog, *“tussen Boer aan die een kant en Brit en Kaffer aan die ander kant”* gegaan het. Ds RD McDonald skryf in “*In die skaduwee van die dood”* dat hierdie Swartes in die woonhuise gegaan het en met geweer in die hand uiters brutaal en beledigend teenoor die vroue opgetree het. Hulle het eenvoudig brood, botter, melk,

klere, perde en enigiets wat hulle wou hê, geëis en wee die vrou wat dit nie gou verskaf het nie.

Ewald Steenkamp skryf in *"Helkampe":* "Op die 10e September 1900 is die kaffers deur die vyand in Reitz rondgestuur om al die vrouens, kinders en oues van dae te arresteer, wat nie toegelaat is om in die dorp agter te bly nie. Later het die berede kaffers hulle in die strate aangejaag en gedurig uitgevloek. Ten spyte van hul hewigste proteste en beroepe op menslikheid van die vyand, is talle vroue se trouringe van hul vingers geruk. Magteloos moes die vroue hierdie vernedering verduur, terwyl die blanke vyand meer gedoen het om die kaffers in hul brutaliteit te sterk as om hul teen te gaan."

Vir die arme weerlose vroue en kinders op die plase was hierdie "Swart bemagtiging" en die toepassing daarvan 'n geweldige skok. Mevrou Aletta de Jager van Pietersburg beskryf sommige van haar ervarings in *"Mag ons vergeet?"* van mevrou E Neethling, as volg: "Ons het nooit kon dink dat die Engelse die kaffers sou toelaat om ons te molesteer en sulke gruweldade jeens weerlose vroue en kinders te begaan nie. Die kaffers het vir ons mans beloof dat hulle ons geen kwaad sou doen nie. Maar hulle is 'n valse nasie! En wat het ons gesien? Binne agt dae nadat die troepe Pietersburg ingetrek het, het al die kaffers Brits geword. En toe is hulle uitgestuur om al die vee wat nog op die plase by die vroue was, af te neem. En nie net alleen het hulle die vee afgeneem nie, maar het die eiendom van die vroue op vyandige manier verniel en gesê dat hulle dit doen op bevel van die Engelse."

"Toe dit donker word, het ons almal in die huis gegaan en die deure gesluit. Maar pas het ons dit gedoen of daar word geweldig op die deure geslaan. Die deure het oopgevlieg en stukke glas uit die vensterruite het in ons gesigte gespat. Kaffers met byle en sabels spring ons huis binne en gryp alles wat hulle in die huis kon kry. Hulle het vir ons niks oorgelaat nie as net die klere wat ons aan ons lyf gehad het."

"Die kaffers het gesê dat ons die volgende dag ons huis moes verlaat, anders sou hulle ons met geweld daaruit kom haal, want die Engelse het gesê hulle moes dit doen en ook die Boere vang, want dan sou hulle die Boere se plase kry."

Mevrou Betty Hofmeyr van Marabastad, Pietersburg het op 8 September 1902, in 'n hartroerende brief in dieselfde boek haar ervarings beskryf, toe sy en haar huisgesin na die konsentrasiekamp vervoer is. 'n Paar fragmente daaruit lui as volg: "Wat was ons ontsteltenis toe ons hoor dat die Engelse die kaffers opgeroep het om hulle te help met die gevangeneming van die Boere en hul families."

"Die Engelse het regdeur na Louis Trigardt getrek. Honderde gewapende kaffers het met hulle meegetrek. Die kafferkapteins het self vir ons vertel dat Magato se volk bymekaar geroep is en orders ontvang het om burgers, vroue en kinders te vang en na die Engelse te brng."

"Dié nag kom die kaffers van alle kante op die stasie bymekaar en die oggend was daar tussen ses- en aghonderd bymekaar."

"Watter vreeslike angs het ons gedurende dié dae gely! Omring deur honderde barbare, wat ons utgeskel en gedreig het om ons met hul asgaaie te steek - rondom ons niks as woedende vyande nie!"

"Die kaffers het orders gekry dat hulle al ons vee en die waens na die Engelse toe moes bring, en dus kon ons in ons eie waens reis."

"So baie kaffers het op ons waens geklim, dat ons skaars plek vir onsself kon kry. Die waens het hulle naby aan mekaar getrek en honderde kaffers het om ons wag gehou. Tot twee-uur die oggend het hulle aangehou met dagga rook, vloek en rumoer. Meer as een nag het ons niks anders verwag as om vermoor te word nie. Saans het die meide vir die kaffers bier gebring en dan het hulle gedrink tot hulle beskonke was. Dit was aller-aakligs om hulle taal dan aan te hoor. Partykeer was dit ondraaglik in die waens: hulle was vol kaffers, en die reuk was genoeg om mens siek te maak. Onder hulle was ook dié wat aaklige en besmetlike siektes gehad het. Baie van ons het siek gelê aan die malariakoors en ons het die nag in ellende en angs deurgebring, maar tog was God naby ons."

Al die gruweldade wat volgens hierdie getuienisse in Noord-Transvaal gebeur het, het ook in die res van die Republiek en in die Vrystaat gebeur en skrikwekkend voortgeduur tot aan die einde van die Oorlog. Dit het grootliks bygedra tot die onbeskryflike beproewings, smart en ellende wat die geteisterde Boerevolkie in hierdie ongelyke stryd teen sy twee verenigde vyande, die Wit Engelse en die Swart Engelse moes verduur.

3
Oorlog teen Vroue en Kinders

Groot Brittanje het in 1899 nooit kon droom dat die onregverdige oorlog wat hy teen die twee Boererepublieke ontketen het, so lank sou duur nie. Toe die Britse magte in Junie 1900 die hoofstede binnemarsjeer, het duisende Tommies vermoeid gesug: "Thanks God, the war is over." Maar hulle is kort daarna ontgogel toe hulle ontdek dat die Boere onder leiding van generaal De Wet in die Vrystaat, generaal De la Rey in Wes-Transvaal en generaal Botha in Oos-Transvaal beweeglike "vlieënde" kommando's gereed gehad het om die lompe Britse troepesamestellings in verrassingsaanvalle die hoof te bied.

Deur van die vyand ammunisie te buit, hul grofgeskut af te neem, hul verbindingslinies af te sny, telegraaflyne te knip, treinspore op te blaas en konvooie met voedselvoorrade te skaak, het die Boere in staat gestel om so lank weerstand te bied. Toe die vyand gewaar dat die Boere gereeld voedelvoorrade vanaf hul plase bekom, waar hulle vroue en kinders agtergebly het om hul eiendom te versorg, het hulle begin om die plase een vir een te verwoes, tuine en landerye te stroop en die woonhuise af te brand. Die hawelose vroue en kinders is dan na konsentrasiekampe geneem, meesal te voet aangejaag, waar 'n sekere dood op hulle gewag het weens verhongering, vergiftiging van die skraal voedselrantsoene en die gebrek aan mediese sorg.

Toe die plaasverbranding en verwoesting en die wegvoering van vroue en kinders na die helkampe begin, het baie vroue hul

noodsaaklikste besittinkies op waens gepak en begin rondvlug in ‘n poging om uit die hande van die wrede vyand te bly. Later het hulle vir groter veiligheid laers gevorm om mekaar te kon ondersteun. Mans wat te oud vir kommandodiens was, het saam met die vroue rondgetrek en hulle bygestaan. Hulle het lewende hawe by hulle gehad vir voedsel om aan die lewe te kon bly. Die kommando’s het ‘n ogie oor die vrouelaers gehou. Wanneer Engelse spioene so ‘n laer ontdek het waar hulle veral in die Transvaalse bosveld probeer wegkruip het, is ‘n troepemag gestuur om hulle te gaan aanval. Gelukkig het die kommando’s die meeste van die lafhartige aanvalle op die vrouelaers onderskep en die vyand hard teruggeslaan.

Al besittinkies wat sy kon red

Ewald Steenkamp vertel in “Helkampe” van ‘n vrouelaer wat in die hande van die Engelse geval het. Die vroue het skape vir slagdoeleindes by hulle gehad wat hulle binne die kring van die waens aangehou het. ‘n Paar Engelse het tussen die skape ingespring en boude en ander dele van die lewendige diere afgekap. Nadat ‘n paar van die diere gruwelik vermink is, het die vroue en kinders eers besef met watter helse plan die Engelse besig is. ‘n Paar offisiere het die walaer aan die brand gesteek. Die verminkte en gesonde skape het begin stik in die rook Hulle kon nie uitkom nie want hulle is by die uitgange voorgekeer. Die vlamme het ‘n verterende vuur geword en die skape het stadig doodgebrand. Steenkamp se beskrywing in besonderhede hoe dit plaasgevind het is te aaklig om te herhaal. Al die skape het lewendig verbrand, saam met die waens van die vroue en kinders. Die Engelse sit ‘n endjie daarvandaan en braai die vleis wat hulle van die lewendige skape afgekap het. Al laggende en spottende sit hulle die vleis smaaklik en opeet, onderwyl die hawelose, reddelose honger vroue en kinders staan en toekyk.

Lord Roberts, die Engelse leëraanvoerder, het in ‘n brief aan president Steyn die skynheilige bewering gemaak dat die Engelse 74 000 vroue en kinders in die kampe aanhou om hulle te “beskerm.” President Steyn het vir hom gevra of hy dan nie weet op watter gruwelike wyse die arme weerloses deur sy troepe van hulle huise weggeskeur word nie en hoe hulle alle lewende hawe en goed verniel en verwoes nie. Dis so erg dat die arme onskuldige slagoffers in wind en weer, dag en nag moet rondvlug wanneer ‘n Engelse leër aankom, om tog nie in hul hande te val nie. “Dit gebeur terwyl U Eks. se troepe weet dat dit slegs vroue en kinders is maar dit nie ontsien om met kanonne op hulle te skiet om hulle in die hande te kry as hulle met hulle waens vlug nie.” President Steyn noem verder vir

hom dat menige vrou so gewond en gedood is. Dit het op 6 Junie naby Reitz gebeur waar ‘n vrouelaer gevang is. Die offisiere het egter valslik aan Robberts verslag gedoen dat dit ‘n “Boerekonvooi” was. Die laer is weer deur die Boere ontset, terwyl die troepe agter die laer skuiling gesoek het. Toe daar vir die Engelse versterking opdaag, het Robberts se soldatee met kanonne en kleingewere op die vrouelaer losgebrand! President Steyn sê daar was honderde sulke gevalle.

Alle lewe is vernietig

In E Neethling se boek, “Mag ons vergeet?”vertel Martha Kriel van Ladybrand hoe die arme vroue moes rondvlug om uit die hande van die Englse te bly. Op 11 September 1901 het die Engelse hulle hele groot vrouelaer by Spitskop, naby Lindley, verras en oorrompel en die vroue en kinders weggevoer kampe toe, maar gelukkig het ‘n klompie vroue met sowat 30 rytuie daarin geslaag om te ontvlug. Vier Engelse kononnes het hulle agtervolg. Die arme vroue en meisies slaan die osse met hulle kappies , onderwyl hulle hardop bid in hulle nood. Toe Martha Kriel omkyk, sien sy hoe die Kakies die vroue se laer bestorm. Hulle jaag daarop af, soos ’n groot trop beeste wat op loop is en skiet aanmekaar met hul gewere en kanonne op die arme vroue. Dit dreun soos donderslae agter Martha hulle, maar hulle jaag oor die bult en kom ongedeerd onder die slagting uit.

Dit is maar enkele gevalle van die Engelse “menslikheid” en “ridderlikheid” wat in die Oorlog teen die Boerevroue en kinders betoon is, met die uitsluitlike doel om hulle uit te roei.

4
Die Verskroeide Aarde- beleid: Barbaarse uitdelging van alles wat lewe

Engeland het in 1899 homself die onmin van die ganse beskaafde wêreld op die hals gehaal met sy onregverdige aanval op die twee Boererepublieke in Suid-Afrika. Die hele Europa, Rusland en selfs Amerika het die Boere om hulle politieke en staatkundige prestasies bewonder. Die wêreld het Transvaal en die Vrystaat se groei en ontwikkeling met belangstelling gevolg, maar was later met afsku vervul teenoor Groot Brittanje toe hierdie "beskaafde" wêreldryk die allerbarbaarste metodes en middele aangewend het om die dapper Boerevolkie wat nie wou oorgee nie, man en muis te vernietig en te verdelg.

Toe die Boere in 1900 met hulle "vlieënde kommando's" 'n guerrillastryd teen die magtige Britse leërs volhou en daar geen sprake was van enige oorgawe wat die Oorlog sou beëindig nie, het lord Roberts en sy trawante met hul diaboliese aanslag teen die vroue en kinders begin, omdat hy ontdek het dat die vroue die boerdery op die plase voortsit en die vegtende burgers van voedsel voorsien. Daarna het die oorlog teen die vroue en kinders begin. Hulle is gevang en van hul plase af na konsentrasiekampe vervoer, waar hulle weens die skrikwekkende behandeling, in duisendtalle gesterf het. Die Engelse het met behulp van hul Swart bondgenote die plase begin stroop van alles wat waardevol en eetbaar was, vee,

kleinvee, pluimvee, landerye en vrugteboorde. Uit die huise het hulle alles weggedra wat vir hulle waardevol was en die res saam met die huis aan die brand gesteek.

Hierdie "verskroeide aarde"-beleid, met uitdelging van alle lewe van mense, diere en plante op die plase, het die geteisterde Republieke in 'n kaalgestroopte, verlate woesteny agtergelaat. Net die swartgebrande ruïnes van die eertydse gerieflike wonings, die kaalgestroopte landerye en die onheilspellende stilte wat op die verlate plaaswerwe geheers het, waar nog die karkasse van verminkte skape, varke, hoenders en ander pluimee rondgelê het, het die terugkerende bittereinders na die Oorlog begroet toe hulle na hul verwoeste eiendomme teruggekeer het.

Oor die troepe se wrede vernielsug en voedselvernietiging skryf JC Otto in "Die Konsentrasiekampe": "Die Britse vernielingskolonne het die Boerehuise op die plase met geweld binnegedring en daar gedoen wat hulle wou.. Die huise is deursoek, sogenaamd na Boere, en na willekeur gestroop, terwyl die diere op die werf, die varke, hoenders, kalkoene, eende en skape voor die voet afgemaai is, soms op grusame wyse. Bajonette is hiervoor gebruik, maar die kolonnes het nie seker gemaak dat alles dood is alvorens hulle padgee nie, met die gevolg dat daar oral op die vlaktes vee deur die Boere aangetref is wat só grieselrig verwond is dat die Boerekommando's die diere maar self van kant moes maak."

'n Ou weduwee Steenkamp van Dulstroom was by haar dogter in die huis, saam met nege kinders. Hulle pa het aan die Natal-front gesneuwel. Die vroue het klaargemaak om vir die Engelse te vlug en pak toe hul beddegoed en klere op 'n ou wa wat onder 'n boom staan. Toe daag die Engelse brandparty op

Die plaas-afbranding

en jaag die vroue en kinders uit die huis en steek dit aan die brand. ‘n Kaapse Kleurling gooi ‘n brandende houtstomp op die wa. Toe alles deur die vuur verteer is, ry die groepie misdadigers weg en laat die vroue en kinders daar alleen onder ‘n vyeboom as hul enigste skuiling.

Nog een van die honderde gruwelverhale, vertel deur Cornelia Makwayer in “Stemme uit die vrouekampe” lui so: “Op die 3e Augustus toe ek na my huis gaan, vind ek alles verwoes. Die lewendige diere was stukkend gesny; die werf was geverf met bloed; my huisraad was uitmekaar geslaan, my kiste oopgebreek en verniel. Alles wat hulle kon neem het hulle geneem en die huis aan die brand gesteek.”

Mevrou Aletta du Toit van Fauresmith vertel dat sy driekeer vir die Engelse moord- en plunderbendes gevlug het, maar uitendelik het hulle haar by haar huis gevang. Sy sê hulle het haar huis eers verskriklik verniel. Wat hulle nie kon saamneem nie, word alles stukkend geslaan. ‘n Mens kon nie trap sonder die gekraak van glas nie. Oral lê die blaaie van boeke, die deure word uitgebreek. Van die stoele word gebruik om vuur te maak en hulle steek haar harmonium (huisorrel) aan die brand. Hulle het haar koring en mielies voor die deur en in die watersloot uitgegooi. Van haar hoenders het sy niks meer gesien nie. Die werf lê vol vere. Die varke skree as hulle doodgesteek of doodgeskiet word. Net waar sy kyk, sien sy diere en Kakies en kaffers. Die tuin was vol perde en beeste wat hongerig die takke van die bome afskeur om dit te vreet. Daarna het die Kakies alles wat hulle nie wou hê nie uitgedra en aan die brand gesteek. Die volgende dag is sy op ‘n kaalwa na die martelkamp op Bethulie vervoer.

Die “beskaafde” Groot Brittanje se wit en swart moord- en roofbendes het nie altyd op die selfde manier op die arme vroue en kinders op die plase toegeslaan nie. Mevrou Truter van die plaas Welgevonden in die distrik Utrecht het buiten haar eie ses kinders ook nog vyf ander in haar huis gehad. Skielik het daar een oggend vroeg in Julie 1900 ‘n trop Engelse op die plaas verskyn. Hulle het die huis omsingel en van alle kante af binnegedring. Dit was vieruur in die oggend. Oral sien sy soldate en dit het gelyk of hulle alles verniel en stukkend slaan. Die offisier sê toe vir haar: “Ek gee jou twintig minute tyd om uit die huis te gaan, dan laat ek die huis met dinamiet in die lug spring.” Toe sy sien dat hulle een van die buitegeboue al aan die brand gesteek het, moes sy haar haas om die kinders uit die huis te kry. Toe sy met ‘n brood uit die

huis kom, gryp ‘n soldaat dit en sê: “Julle kan dooie perde en muile vreet; dit is goed genoeg vir julle.” Hulle was skaars uit die huis of die eerste dinamietskoot knal en stukke van die mure en klippe vlieg rond. Hulle sit ‘n endjie van die huis af onder ’n paar bome en toekyk hoe die soldate alles verniel, hulle uitroof en hulle goed verbrand. Hulle het ses wavragte perdevoer, mielies en koring weggevoer. Toe daar niks meer was om te roof nie, het hulle die laaste gebou aan die brand gesteek.

So het hulle die land kaalgestroop, verwoes en verbrand en die vroue en kinders in hulle moordkampe gestop, waar daar vir die meeste van hulle ‘n aaklige dood gewag het. Hoe die eens pragtige landskappe van die twee Republieke daar uitgesien het nadat die “beskaafde” wit en swart Engelse hul duiwelswerk voltooi het, word beskryf in ‘n brief wat generaal Smuts in 1901 aan president Steyn geskryf het. As Boeregeneraal wat in hierdie Tweede Vryheidsoorlog al die ellende van sy Boerevolk aanskou het, het sy hart bebloei oor die verskrikking wat oor hulle toegesak het. Sy Boerehart is eers in 1914 met ‘n Britse hart vervang, toe hy vir Jopie Fourie op ‘n Sondagmôre laat doodskiet het. In sy brief gee hy ‘n beskrywing van hoe mooi die gebied in die Moot, tussen die Witwatersberge en die Magaliesberg was. Toe hy in Julie 1900 daar aankom, was dit nog groen, met onafgebroke landerye, tuine en mooi beboude plase en werwe – ‘n lus vir die oë en ‘n bewys van wat ons volk in tien jaar op landboukundige gebied kon uitrig. En nou? Nou is dit ‘n dorre, woeste wildernis; al die landerye is verniel, die tuine afgekap en uitgeroei, die plase afgebrand, die huise in baie gevalle nie alleen afgebrand nie, maar met dinamiet in die lug laat spring sodat daar nie een steen op die ander gelaat is nie - ‘n verblyf vir die naguil en die aasvoël. Waar nog kort gelede alles lewe, welvaart en vreugde was, heers nou die dood.

Daar was geen lewende dier meer nie, geen vrou of kind nie, of op hulle gesigte was net angs, kommer en honger te lees.

Hy sê hy het dikwels aan die hang van die Magaliesberg gesit en kyk na die baie plase, landerye, skure en pakhuise in een onafgebroke vuur en vlam. As hulle met die vyand wou veg, het die troepe skuiling gesoek agter die woonhuise, waar die vroue en kinders in was, sodat hulle nie op hulle kon vuur nie. “As ons hulle kampe wou bombardeer, was hulle vol van ons gevange vroue en kinders. Ou mans met een voet in die graf is op die gruwelikste wyse gevang en te voet voor die troepe aangeja. Selfs kinders van twaalf jaar oud is gevang, omdat hulle vir die Engelse soos vegtende burgers gelyk het.”

Hy vertel dat hulle in die sak van ‘n Engelse offisier wat by Boschfontein gesneuwel het, ‘n brief gekry het waarin hy op vermaaklike en spottende wyse geskryf het hoe hy met die vroue en kinders gewerk het. In een huis het hy hulle gedwing om te luister hoe die troepe “God save the Queen” met klavierbegeleiding sing, waarna hy die huis aan die brand gesteek het. Op ‘n ander plaas het hy die vroue en kinders beveel om alles wat hulle graag wil hê, uit die huis te dra, want die huis sou afgebrand word. Toe dit alles buite uitgedra is, maak hy die “grappie” en steek hierdie kosbare hoop aan die brand. Die hoon, die minagting en veragting, die barbaarse ruheid waarmee die onskuldige vroue en kinders behandel is, gaan alle verstand te bowe.

Smuts gee ook ‘n beskrywing van die verwoesting van al die plase in die omgewing van die Kosterrivier en Elandsrivier in die Rustenburgse wêreld. Die vyand kon nie al die vroue en kinders daar in die hande kry nie, want hulle het betyds gevlug en in die bosse en rantjies geskuil, waar hulle tot aan die

einde van die Oorlog veilig uit die hande van die vyand gebly het..

Smuts sê dit was duidelik dat die vyand met hulle verwoestingswerk nou meer op die gevolge van hongersnood gereken het as op hulle eie wapens. Daarom word alle kosware verniel, al die waens, karre, meulens, ploeë, trap- en dorsmasjiene verbrand en damme verniel. Tot koffiemeuletjies word verniel omdat die vroue daarop koring maal! Die hele land, die ganse Republiek, is tot in die grond toe verwoes en verniel. Orals sien mens arme vroue, kinders en oues van dae wat vlug met klein klompies vee wat die vyand nog nie in die hande kon kry nie.

Dan gaan Smuts daartoe oor om in sy brief ‘n beskrywing te lewer van hoe die vyand van sy Swart bondgenote gebruik gemaak het om behulpsaam te wees met al die plundering en verwoesting van plase. Ons het hierdie deel behandel in die tweede artikel van hierdie reeks, naamlik “Die Swart Engelse teen die Boere” en gaan dus nou nie verder daarop in nie.

Smuts sê verder dat hy meer as eenmaal die vlugtende vrouekampe gaan besoek het, waar hulle almal lydende aan malaria en ander siektes was, as gevolg van ontbering en slegte voeding, sonder ‘n dokter, sonder medisyne, sonder ‘n troos in hierdie wêreld, amper sonder klere, en na die vyandelike strooptogte, sonder kos. Maar geen ontberings kon die gees van hierdie edel martelaresse verbreek nie, en met een stem het hulle hom en die burgers aangeraai om aan te hou tot die einde toe.

5
Die Moordkampe

Toe die magtige Brittanje in 1900 nie daarin kon slaag om die Boere van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje Vrystaat met sy militêre wapens tot oorgawe te dwing nie, het hy daartoe oorgegaan om oorlog te verklaar teen die twee Republieke se vroue en kinders. Hy was genoodsaak om kampe op te rig waar hy sy vroulike en jeugdige gevangenes kon aanhou. Hy het dit konsentrasiekampe genoem en vir die wêreld vertel dat die vroue en kinders nie meer op die plase veilig was nie en in die kampe beskerm moes word! Maar die wêreld het Groot Brittanje se oorlogsmetodes al so goed geken dat niemand hierdie verskriklikste van alle verskriklike leuens wou glo nie.

Ek het in die artikel oor die Verskroeide Aarde-beleid aangetoon dat die vroue van die plase af weggeskeur is, dat hulle wonings afgebrand en alles verwoes is om die Boere se voedselvoorrade te vernietig en hul weerstand te breek.

Die meeste van hierdie kampe is op uiters ongeskikte terrein opgerig, waar die watervoorsiening hopeloos ontoereikend was en die sanitêre geriewe wat voorsien is, skrikwekkend onhigiënies was en bygedra het tot die uitbreek van die baie siektes wat soveel lewens geëis het. Die tente wat vir huisvesting voorsien is, was hopeloos te klein vir ‘n vrou wat in baie gevalle vyf en meer kinders daarin moes versorg. ‘n Bed in hierdie tente was ‘n bitter skaars artikel. Die arme gevangenes was genoodsaak om op die harde grond onder karige bedekking te slaap. Wanneer daar in die nag ‘n reënbui

sou uitsak, spoel die water onder hulle deur, want baie van die tente was oud en stukkend en ondig, sodat die arme inwoners daarvan sopnat gereën het.

Gedurende die winternagte het die vroue, en veral die arme kinders, feitlik verkluim van die koue, weens hulle karige of geen bedekking daarteen nie. In die somer was dit net andersom. Dan het die warm son meedoënloos op hierdie onbeskutte tente gebrand en die arme bewoners daarvan, wat geen ander plek gehad het om heen te vlug nie, moes dit maar trotseer.

Een van die kampe

Die kamp op Brandfort is opgerig op ‘n plek waar tevore’n soldatekamp gestaan het. Die plek was vervuil van die kakieluise, wat toe saam met die vroue en kinders in die tente ingetrek het, om tot hulle marteling by te dra.

Die vroue en kinders het op verskillende wyse in die kampe beland. Vanaf nabygeleë plase is hulle te voet deur die Tommies en hul Swart medestryders aangejaag. Ook is kaalwaens onder Swart toesig gebruik en na verafgeleë kampe is hulle in oop treintrokke gelaai waarin beeste vervoer is, met net die klere aan hulle liggame en sonder voedsel. Vanaf die stasie is hulle weer deur Swart wagte na die kamp aangejaag.

Mevrou PH Venter vertel in “Stemme uit die Vrouekampe” dat hulle gedurende hul reis na Port Elizabeth feitlik geen voedsel gekry het nie. Hulle – en veral die kindertjies – was byna verhonger toe hulle daar aanland. Hulle is uit die trein gehaal en onderwyl hulle aanstap, is ‘n ry soldate aan weerskante van hulle geplaas. Sy sê dit was Koelies, Kaapse Hotnots en “enige gekleurde nasie van die wêreld” wat toe hulle lyfwagte was. Hulle gooi hulle met vrot eiers en die gruwelikste aanmerkings en lelikste vloeke reën op hulle. Hulle het veral die Naam van die Here verskriklik gelaster. ‘n Paar vroue vra smekend vir hul kindertjies ‘n bietjie kos, maar al wat hulle kry is: “Go and ask your God for food.”

Die voedselvoorsiening in die kampe was allertreurigs. Vir die karige rantsoene wat toegeken en uitgedeel is, moes die vroue meesal ure lank toustaan om dit te bekom. Die stinkende stukkie vleis wat sy gekry het, was gewoonlik al half ontbind en oneetbaar. Die meel was dikwels vol wurms en in die stokou brood is dikwels blou vitrioel gekry. Dit is daarin

geplaas sodat die honger slagoffers wat hierdie gif sou inkry, gouer daarvan moes sterf.

Die honger het dag en nag geknaag. Mevrou EJ van Rensburg het eenkeer gesien hoe ‘n klompie seuns en dogtertjies by die slagpale besig was om derms van geslagte skape uit te ryg. Hulle wou dit gaan kook en eet om die knaende honger te stil. Mevrou Cornelia Makwayer het by die Irene-kamp ook honderde kinders sien staan om die derms te kry van die vee wat hulle afslag. Een van hulle, ‘n dogtertjie, het met haar vonds tent toe gegaan sodat haar moeder dit vir die kleintjies kon gaarmaak, maar toe sy daar kom, lê haar moeder dood langs die vuurtjie wat sy aangesteek het.

Die uitgehongerde Lissie op haar sterfbed

Mevrou SM Scheepers sê in die kamp waar sy was, was die sterftesyfer 12 per dag, Dit was meesal kindertjies wat tot geraamtetjies uitgeteer het. ‘n Volwasse persoon het een pond meel per dag gekry, 2 pond vleis per week en ‘n lekseltjie koffie en suiker. Die wurms krioel in die meel en die halfontbinde vleis stink en is oneetbaar. Mevrou Mollet verklaar in “Stemme uit die Vrouekampe” dat daar soms weerhakies in die vleis en Coopers-poeier in die meel was. Sy het ook vitrioel in die suiker gekry.

Mevrou CJ Bronkhorst wat al die ontberings in die Kroonstad-kamp oorleef het, beskryf die toestand as volg: “Dit was aaklig soos die mense gesterf het. Die hospitaaltente was altyd vol. Daar was nie plek vir al die siekes nie. Op 24 Augustus is 24 lyke begrawe. Daar was toe nog elf lyke wat die dag nie begrawe kon word nie. As ons rantsoene moes gaan ontvang, moes ons soos kaffers ure lank in die son of in die wind en reën staan. Ons moes wag tot ons name afgelees word. As ‘n vrou te na aan die deur kom, het ‘n hensopper haar teruggejaag. Siek kinders is uit die arms van hulle moeders geskeur en hospitaal toe geneem. Na hulle dood kon die moeder hulle in die lyktent te sien kry, die lykie toegerol in ‘n kakiekombers.”

Die hongersnood, ontberings en uitmergeling het hulle vatbaar gemaak vir allerlei siektes wat hulle verswakte liggame nie kon oorkom nie, sodat hulle in duisendtalle gesterf het. Die kinders het die ergste deurgeloop onder die aansteeklike kindersiektes soos masels, kinkhoes en pampoentjies. Hulle verhongerde, uitgeteerde liggaampies kon dit nie oorleef nie.

Elke kamp het ‘n hospitaaltent gehad waar siekes behandel en “versorg” is deur ‘n sogenaamde dokter en een of meer verpleegsters. Almal het hierdie “hospitaal” gevrees, want

feitlik almal wat daar beland het, het dit nie weer lewendig verlaat nie. Wanneer die kampowerhede ontdek dat ‘n vrou of kind in haar tent siek lê, is hulle onverwyld na die kamphospitaal geneem, wat gewoonlik oorvol was. Ewald Steenkamp sê in “Helkampe”, op elke bed lê ‘n vrou of kind en wag op die dood om hulle van die bittere lyding te verlos. Die honderde vlieë wat die plek verpes, martel die kindertjies, wat te swak is om hulle te verdryf. Hulle lê magteloos onderwyl die siektedraers in hulle neusgate inkruip en die wurms later weer uitkruip.

Geen vrou of kind wat in die hospitaal beland het, het weer herstel en na hul tente teruggekeer nie. Daarvoor het die onsimpatieke behandeling van die sogenaamde dokters en verpleegsters gesorg. Niemand minder nie as die edel vrou, Emily Hobhouse, vertel in “Die Smarte van die Oorlog” dat die hoofapteker in die Bloemfonteinse kamp strignien aangemaak het waaraan drie kindertjies dood is.

Dorothea Jones sê in “Stemme uit die Vrouekampe” dat toe hulle in die kamp kom, het masels en kinkhoes uitgebreek. Haar suster het in een maand al haar kinders verloor. Daar het tot 20 mense op een dag gesterf. Toe rig hulle ‘n hospitaal in die kamp op, maar toe sterf die mense éérs, sê sy, want die Kakies kon hulle toe gif ingee soos hulle wou. As hulle kos vra, kry hulle net “Beaf tea” en kondensmelk. Dié wat op sterwe lê en smekend om ‘n bietjie kos vra, word toegesnou: “Vrek maar, dan is dit een minder om voor te sorg.”

GE Bezuidenhout sê in “Uit die donker Woud” dat almal in die kamp net een soort medisyne gekry het. Dit het na pepperment gesmaak en het so ‘n gelerige kleur gehad. Cornelia Makwayer het een keer vir ‘n siek kind ‘n bietjie van hierdie “medisyne”

by die apteek gaan haal. “Toe ek dit vir die kind gee, is sy asem op die oomblik weg. Toe vat ek die medisyne en gooi dit op die groen gras en die gras was dadelik verbrand asof die vuur daaroor gegaan het.”

Vroue en kinders in die moordkampe

Mevrou MC Stander vertel in “Stemme uit die Vrouekampe” van haar smartlike ondervinding by die afsterwe van haar tienjarige dogtertjie Annie. Die kind het siekerig gelyk toe die “lynmeisie” by die tente rondgaan en dit opmerk en die huilende kind hospitaal toe neem. Daar is sy net met kondensmelk en water gevoer. Na twee maande was sy weggekwyn, doodsbleek, uitgeteer, verhonger, geen kos, net kondensmelk en water. Die moeder sien die dood in die kind se

gesig en vra om tog by haar te mag bly. Die suster dra net sterk drank aan en gee dit vir haar in. Toe kom dr Davies in met ‘n glas geel vloeistof. Dit was ‘n soort aangemaakte maagpoeier. Die moeder vra of sý die “medisyne” kan kry, maar hy weier en gee dit vir die kind in. Sy het net een snik gegee en toe gesterf.

Daar was Engelse wat diep geskok was oor die koelbloedige wreedheid wat hul eie nasie teenoor weerlose en onskuldige vroue en kinders gepleeg het. WT Stead sê in “Methods of Barbarism”: “We could neither kill, wound or capture the burghers who were still in the field. But we could catch their women and their helpless little children. Having caught them, we could pen them in our substitude for our Spanish Inquisition, the prison camps. Instead of stretching them on the rack, using the thumb-screw, or applying the red-hot iron to the soles of their feet, we achieve the same result by inflicting the refined and horrible torture of slow starvation. Under this peine forte et dure the children sickened, pined away to living skeletons, and then happily were released by death from their sufferings. Every one of these children who so died of the result of cutting down on rations by half, in order to bring pressure to bear upon their ralatives in the field, was deliberately murdered.”

So is meer as 26 000 Afrikanervroue en kinders tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse vermoor, waarmee hulle die kroon geplaas het op die volgehoue stroom van arrogante onregsdade wat hulle gedurende die negentiende eeu teen die wordende Afrikanervolkie gepleeg het, in ‘n poging om hom totaal te vernietig.

In TOTIUS se VERGEWE EN VERGEET word die Boerevolk deur die doringboompie gesimboliseer en die Britte deur die ossewa wat hom plattrap. “Jy het my mos anderdag gekrap”, verwys na die Eerste Vryheidsoorlog.

VERGEWE EN VERGEET

Dat gij niet vergeet de dingen die uwe ogen gezien hebben. Deut. 4:9

Daar het ‘n doringboompie
vlak by die pad gestaan,
waar lange ossespanne
met sware vragte gaan.

Sy skoonheid was geskonde
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeur.

En eendag kom daarlanges
‘n ossewa verby,
wat met sy sware wiele
dwars-oor die boompie ry.

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
Die salf van eie gom.

“Jy het mos, doringstruikie,
my ander dag gekrap;
en daarom het my wiele
jou kroontjie platgetrap.”

Ook het die loop van jare
die wonde weggewis –
net een plek bly ‘n teken
wat onuitwisbaar is.

Die ossewa verdwyn weer
agter ‘n heuweltop,
en langsaam buig die boompie
sy stammetje weer op.

Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan, maar
daardie merk word groter
en groei maar aldeur aan.

Totius (Dr JD du Toit)